

# 3. Die Here stuur vir Jona na Nineve, maar Jona loop weg na Tarsis

Profete I



**Inleiding tot die reeks:** Ontmoetings 3-5 handel oor die optrede van een van die profete in die koninkryk van Israel, die profeet Jona, voor die Ballingskap.

**Doelwit:** Dat die juniors sal hoor dat die Here vir Jona na Nineve in Assirië gestuur het, maar dat hy ongehoorsaam was en in die teenoorgestelde rigting na Tarsis gevlug het.

**Bybelgedeelte:** Josua 1-2

**Kerngedagte:** Ek moet gehoorsaam aan die Here wees.

**Kernvers:** Psalm 40:9 'Wat U behaag, my God, wil ek graag doen ...'



## Voorbereiding

### Voorbereiding en hulpmiddels vir Grootgroepbediening (GGB)

- Berei die GGB as 'n geheel voor.
- Groot plakkaat/ baniere/ PowerPoint-skyfies met die woorde: 'Welkom Juniors!' en 'My belangrike Bybelstories'
- Plakkaat/ PowerPoint-skyfie met die kerngedagte en -vers vir vandag

#### Plakkaat- of TV-aanbieding:

- Plakkate of 'n tuisgemaakte TV van hout of 'n baie stewige kartondoos op 'n tafel vir Ontmoetings 3 tot 4. Die skerm van die TV is 'n uitgesaagde of uitgesnyde gat aan die voorkant. Ongedrukte en aaneenlopende koerantpapier, waarop die onderskeie prente geteken is, kan nou om 'n dik stok gerol word. Die stok waarop die rol met prente aangebring is, word nou agter en net bokant die opening deur gate gedruk wat daar aangebring is. Die rol met prente word dan afgerol soos daar met die vertelling na elke volgende prent gevorder word. Indien dié TV nie benut word nie, kan enkelplakkate telkens as los plakkate vertoon word.
- Plakkate of prente op TV-rol vir Ontmoeting 3: Prent 1: Die ligging van Nineve en (vermoedelik) Tarsis. Prent 2: Die Here stuur vir Jona na Nineve. Prent 3. Ongehoorsame Jona loop weg na Tarsis. Prent 4: Die groot storm op die see. Prent 5. Die matrose gooi vir Jona uit die skip in die see. Prent 6: Die groot vis sluk vir Jona in. Prent 7: Die groot vis spoeg vir Jona op droë grond uit. (Prente tot en met Ontmoeting 5 kan reeds op die TV-rol aangebring word.)

#### PowerPoint-aanbieding (Alternatief vir plakkaat- of TV-aanbieding):

- Elke karakter en gebeure kan net bygevoeg word soos die vertelling vorder.
- Prente kan op Google Images of Pinterest gekry word.

### Voorbereiding en hulpmiddels vir Kleingroepbediening (KGB)

- Berei die KGB as 'n geheel voor. Voorsien inkleurkryte.
- Die KGL fasiliteer die Pretaktiwiteit.



## Ontvangs

### Ontvangs en speletjies


Die Grootgroepleier (GGL) en Kleingroepleiers (KGL's) moet ruim voor die Ontvangs van die kinders in die juniorlokaal wees om: 1) die lokaal finaal voor te berei om te verseker dat die kinders in 'n juniorvriendelike lokaal instap en 2) voorbidding vir die Ontmoeting te doen. Die plakkate/ baniere/ PowerPointskyfies vir die GGB (vgl bo) moet prominent in die lokaal aangebring word en speletjies moet op die vloer uitgepak wees.

Die kinders word 15 minute voor die aanvang van die GGB nou in 'n *juniorvriendelike lokaal* met *vriendelike leiers* en *versierde mure* ontvang om hulle te laat tuis voel.

Speletjies op juniorvlak moet op die vloer uitgepak wees waaraan die juniors en hulle KGL's kan deelneem sodat *verhoudingsbou* kan plaasvind met die oog op veral die KGB wat later volg.

### Opruimtyd

Juniors moet 'n paar minute voor die tyd gewaarsku word dat die speletjies opgeruim gaan word, bv 'n opruimliedjie kan gespeel word. Elke gemeente moet self bepaal hoe die speletjies so vinnig en so netjies moontlik opgeruim gaan word en om maksimum vloerspasie te los. KGL's se behulpsaamheid sal dit bevorder.



## Grootgroepbediening (GGB)

### Gebed

Vir die kinders om op God te fokus en om 'n atmosfeer van dissipline te skep, word aanbeveel dat die GGL reeds hier met gebed open.

### Verwelkoming en gelukwensings

Al die kinders word deur die GGL verwelkom. Nuwe en besoekende kinders word ook spesiaal verwelkom en iets ter hand gegee, bv 'n Bybelboekmerk en 'n brosjure wat die juniorbediening verduidelik, wat hulle dan vir hulle ouers kan gee. Die verwelkoming help met die skep en ontwikkeling van 'n vertrouensverhouding tussen die GGL en die kinders.

Kinders wat sedert die vorige Ontmoeting verjaar het, word gelukgewens. Daar kan selfs vir hierdie kinders 'n klein en goedkoop geskenkie gegee word.

### Sang

Twee of drie kort liedjies wat die juniors ken en lekker kan saamsing, kan nou gesing word. 'n Lied wat by die boodskap aansluit, kan ten slotte gesing word.

### Lees

Daar kan selektief uit Josua 1-2 gelees word.


### Boodskap

#### Agtergrondinligting

Vir die GGL: Die profeet Jona: Jona het as 'n profeet in die kleiner koninkryk van Israel tydens die regering van koning Jerobeam II opgetree (2 Kon 14:25-27), ná die skeuring van die koninkryk van Israel in die kleiner koninkryke van Israel en Juda, maar voordat die kleiner koninkryk van Israel in

621 vC na Assirië in ballingskap weggevoer is. Jona se profesie was egter tot Assirië gerig. Nineve: Nineve was 'n groot stad wat mettertyd die hoofstad van Assirië geword het. Tarsis: Tarsis was waarskynlik aan die suidelike punt van die huidige Spanje, dus in die teenoorgestelde rigting van waar Nineve in Assirië was.

Vir die kind: Verduidelik die volgende: Nineve en Tarsis: Twee dorpe wat aan die een kant en aan die ander kant, ver van Israel was. (Wys Prent 1.) 'n Stad: 'n Baie, baie groot dorp. 'n (Af)god: 'n Prentjie of 'n dooie ding van hout, klip of yster voor wie mense buig en bid. 'n Afgod kan daarom nie sien, hoor, ruik, proe of voel nie. Om die Here te dien; Om dinge te doen wat die Here gelukkig maak.



### Inleiding

Maats, as juffrou vir jou sê om na haar toe te kom, maar jy draai jou rug op haar en gaan na die teenoorgestelde kant toe, is jy *gehoorsaam* of *on gehoorsaam* aan haar? ... Ja, jy is *on gehoorsaam* aan haar. Kom luister vandag saam met my na die storie van *Jona wat on gehoorsaam aan die Here was* toe die Here hom na 'n plek toe gestuur het.

### Spanningslyn

Jona was 'n profeet in Israel. 'n Profeet se werk was om dinge vir mense te sê wat die Here vir hom gesê het. Die Here het vir Jona gesê om na Nineve toe te gaan om vir die mense in Nineve te gaan sê om op te hou om lelike en slegte dinge te doen. Nineve was 'n groot stad in Assirië, ver van waar Jona was. (Wys Prent 1 en Prent 2.)



Maar Jona wou nie doen wat die Here vir hom gesê het nie. Hy het van die Here af weggeloopt en na Tarsis toe

gegaan. (Wys Prent

1 en Prent 3.) Tarsis was ook ver van waar Jona was, maar aan die teenoorgestelde kant van waar Nineve was. *Jona was on gehoorsaam aan die Here.*



Jona moes met 'n skip na Tarsis toe gaan. Maar hy moes eers ver loop om by die see te kom. By die see koop hy toe 'n kaartjie en klim op die skip. Omdat hy moeg was van die loop, klim hy by die trappies af tot onder in die skip en gaan lê daar en

slaap.

Terwyl Jona lê en slaap, het die Here 'n groot storm oor die see laat opkom. (Wys Prent 4.) Die wind het so woeg gewaai dat die branders groter geword het. Die groot branders wou die skip in stukke breek! Die matrose het bang geword. Hulle was nie Israeliete nie en het hulle eie gode gehad. Hulle bid toe tot hulle gode en vra die gode



om hulle te help. Maar hulle gode is mos dooie goed van hout, klip of yster. Hulle kan nie hoor ... of praat ... of help nie! Die matrose gooi toe van die swaar goed op die skip in die see. Hulle het gedink dat die skip nie so maklik sal breek as hulle die skip 'n bietjie ligter sou maak nie. Maar ook dit het nie gehelp nie.

Die kaptein van die skip gaan toe af na Jona waar hy onder in die skip lê en slaap. Hy sê vir hom (GGL in stem van skeepskaptein): 'Wat dink jy doen jy hier dat jy lê en slaap? Praat met jou God! Miskien sal jôu God ons help dat die skip nie in stukke breek en ons doodgaan nie.' Maar ek dink nie Jona het met die Here gepraat nie, want hy het dan van die Here af weggeloop. *Ja, Jona was ongehoorsaam aan die Here!*


Toe sê die matrose vir mekaar (GGL in stem van matrose): 'Kom ons trek lootjies. Elkeen van ons moet ons name op 'n papiertjie skryf en die papiertjies in 'n sak gooi. Dan haal iemand een papiertjie uit die sak uit. Die een wie se naam op die papiertjie is, is die een wie se skuld dit is dat ons in hierdie gemors is.' Hulle maak toe so. Wie se naam, dink julle, was op die papiertjie? ... Ja, Jona se naam. Hulle dink toe dat dit Jona se skuld is dat die groot storm op die see is, die skip in stukke wil breek en hulle dan sal doodgaan.

Die matrose wou toe by Jona weet hoekom dit sy skuld is (GGL in stem van matrose): 'Jona, hoekom is daar 'n storm op die see? (GGL in stem van Jona): *'Ek was aan die Here ongehoorsaam om nie Nineve toe te gaan nie. Ek het toe gekies om na die teenoorgetelde kant toe, na Tarsis toe, te gaan.'*

Die matrose word toe almal baie bang en sê vir Jona (GGL in stem van matrose): *'Hoekom was jy ongehoorsaam aan jou Here? Wat moet ons met jou maak dat die see weer kalm kan word?'* Jona antwoord (GGL in stem van Jona): *'Gooi my in die see. Dan sal die storm ophou. Dis alles my skuld dat daar 'n storm op die see is. Ek was aan die Here ongehoorsaam!'*

Maar die matrose wou nie vir Jona sommer in die see gooi nie. Hulle roei toe nóg harder om met die skip by die land te kom. Maar hulle kon dit nie regkry nie, want die storm op die see het net groter geword.

Toe bid hulle tot die Here, Jona se God (GGL in stem van matrose): *'Ag, Here, moet ons nie laat doodgaan omdat Jona aan U ongehoorsaam was nie. Moet ook nie vir ons kwaad wees as ons vir Jona miskien onskuldig in die see gooi nie.'*



Hulle het Jona toe in die see gegooi. (Wys Prent 5.) Die groot storm het opgehou en die see het kalm geword. Dis net soos Jona vir hulle gesê het. Die matrose het toe geweet dat die groot storm op die see was omdat Jona aan die Here ongehoorsaam was.


### **Klimaks**

Maar Maats, toe die matrose vir Jona in die see gooi, het die Here gemaak dat 'n groot vis vir Jona insluk! Sommer heel! (Wys Prent 6.) Dit was omdat Jona ongehoorsaam aan die Here was. Maar in die groot vis se maag het Jona nie doodgegaan nie! Dáár in die groot vis se maag het hy gebid dat die Here hom moet help. En die Here hét vir Jona gehelp. Jona het toe dankie vir die Here gesê dat hy nie doodgegaan het nie, maar dat die Here sy lewe gered het.

## Afsluiting

Ná drie dae in die groot vis se maag maak die Here toe dat die groot vis vir Jona uitspoeg sodat Jona op droë grond geland het! (Wys Prent 7.) Die groot vis het vir Jona ingesluk omdat hy ongehoorsaam aan die Here was, maar die Here het vir Jona in die groot vis se maag gered omdat die Here 'n plan met Jona gehad het.

Ek vertel volgende keer vir julle meer van hierdie plan.



## Finale toepassing

Maats, ons moet nie soos Jona wees wat ongehoorsaam aan die Here was nie. Ons moet doen wat die Here vir ons in die Bybel sê. As ons aan die Here ongehoorsaam is, sal daar ook partykeer slegte dinge met ons gebeur, soos Jona wat in die groot vis se maag beland het. Maar as ons 'n kind van die Here is, sal die Here ons help as ons Hom vra, soos toe die Here vir Jona in die groot vis se maag gered het.

Die kinders gesels nou verder in hulle kleingroepe.



## Kleingroepbediening (KGB)

### Lewensdeling

Die KGL stel vas watter kinders teenwoordig is.

Die KGL stel ook besorgd vas hoekom sommige kinders verlede keer afwesig was, kyk of jy iets daaraan kan doen en moedig hulle aan om elke keer teenwoordig te wees.

### Terugvoering van vorige Ontmoeting

Die KGL kry kortliks terugvoering van die vorige Ontmoeting se Tuisaktiwiteit.

### Pretaktiwiteit

Nadat die KGL die kern van die dag se boodskap kortliks met die groep bespreek het, deel die KGL hierdie week se Pretblad aan elke kind uit. Die KGL moet die Pretaktiwiteit op die Pretblad nou met die kinders fasiliteer. Inkleurkryte moet voorsien word.

### Tuisaktiwiteit

Die KGL moet kinders herinner om die Pretblad huis toe te neem om dit vir hulle ouers/ voogde te wys en met hulle te bespreek. Die KGL moedig weer die kinders aan om hulle Pretblaaië in 'n lêer te bêre of in 'n plakboek te plak en dit volgende keer saam te bring.

Die KGL herinner ook weer die kinders om volgende keer hulle Bybel en skryfding saam te bring.

### Gebed

Daar word in die kleingroepe of in die grootgroep met gebed afgesluit.



## Verversings

Gepaste verversings kan na die tyd vir die juniors voorsien word.